



The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

15 November 2018

ALGEMENE AANKONDIGING OOR BELANGRIKE AANDEELHOUSAKE EN DIE VOORGENOME NOTERING VAN BKB BEPERK ("BKB") OP DIE GELISENSIEERDE SEKURITEITEBEURS WAT DEUR 4 AFRICA EXCHANGE (PTY) LIMITED ("4AX") BEDRYF WORD

BELANGRIKE AANDEELHOUSAKE

Met hierdie aankondiging wil BKB die aandeelhouers van BKB inlig oor onlangse verwickelinge met betrekking tot BKB en ARC Fund en duidelikheid verskaf oor sake wat die afgelope tyd die onderwerp van mediaberigte en spekulاسie onder die aandeelhouers van BKB was.

Agtergrond

1. Soos op 30 November 2016 aan die aandeelhouers van BKB bekend gemaak is, het BKB en African Rainbow Capital Proprietary Limited ("**ARC**") op 30 November 2016 'n inskrywingsooreenkoms ("**ARC-inskrywingsooreenkoms**") aangegaan waarvolgens ARC op 18 612 016 nuut uitgereikte aandele in BKB ingeskryf het (wat ongeveer 20% van die totale uitgereikte aandeelkapitaal van BKB uitgemaak het) ("**ARC-BKB-aandele**") teen 'n prys van R10,50 per aandeel ("**ARC-inskrywing**"). ARC het daarna, met vooraf goedkeuring deur BKB, die ARC-BKB-aandele en al sy regte en verpligtinge ingevolge die ARC-inskrywingsooreenkoms aan ARC Fund, 'n Suid-Afrikaanse *en commandite*-vennootskap, oorgedra.
2. Ten tyde van die ARC-inskrywing het BKB die voordele van die ARC-inskrywing beskou as, insluitend: (1) dat BKB sy SEB-aandeelhouding tot meer as 30% sou verhoog, (2) die inbring van ARC as 'n strategiese vennoot vir BKB met toegang tot verdere kapitaal ter ondersteuning van BKB se groeistrategieë, en (3) 'n kapitaalinspuiting van R195,426,168 wat aan uitbreidingsgeleenthede toegewys sou word. ARC het ook aan BKB aangevoer dat ARC BKB geïdentifiseer het as 'n voorkeurbeleggingsmedium in die landbousektor.
3. Ingevolge die ARC-inskrywingsooreenkoms is 'n reg van eerste weiering aan BKB toegestaan ("**BKB se Reg van Eerste Weiering** ") indien ARC sou wens om enige van die ARC-BKB-aandele wat hy ingevolge die ARC-inskrywingsooreenkoms verkry het, gedurende 'n tydperk van drie jaar na die inskrywingsdatum van die hand te sit. Indien BKB se Reg van Eerste Weiering



SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

geaktiveer word, sal BKB geregtig wees om 'n reg van eerste weiering-kennisgewing van ARC te ontvang ("**Reg van Eerste Weiering-kennisgewing**") waarvolgens hetsy BKB of 'n genomineerde van BKB geregtig sou wees om die ARC-BKB-aandele in wese te verkry teen 'n prys en volgens bepalinge en voorwaardes wat minstens so gunstig is soos dié waarvolgens ARC die ARC-BKB-aandele aan 'n derde party sou wou verkoop.

Daaropvolgende Verwikkelinge

4. In September 2017 het ARC Fund en Acorn Agri Proprietary Limited ("**Acorn**") 'n transaksie beding waarvolgens Acorn 'n aanbod aan ARC Fund voorgelê het in die vorm van 'n opsie-ooreenkoms met betrekking tot die verkoop van al die ARC-BKB-aandele aan Acorn teen 1 Junie 2018, teen 'n prys van R22 per aandeel ("**Opsie-ooreenkoms**").
5. Acorn se regte en verpligtinge ingevolge die Opsie-ooreenkoms is daarna aan Acorn Agri and Food Limited ("**AAF**") oorgedra, ooreenkomstig die samesmelting tussen Acorn en Overberg Agri Beperk om AAF te vorm.
6. Op of ongeveer 6 Junie 2018 het ARC Fund 'n skriftelike ooreenkoms met AAF gesluit waarvolgens AAF die ARC-BKB-aandele van ARC Fund sou verkry ("**Eerste Verkoop van Aandele-ooreenkoms**"). Volgens die Eerste Verkoop van Aandele-ooreenkoms sou AAF 'n eleksie hê om vir die ARC-BKB-aandele te betaal by wyse van hetsy (1) die betaling van 'n kontantbedrag van R491,357,222 (i.e. 'n prys gelyk aan R26,40 per BKB-aandeel), of (2) die uitgifte van nuwe gewone aandele in AAF. ARC Fund het ooreenkomstig die Eerste Verkoop van Aandele-ooreenkoms aan BKB 'n Reg van Eerste Weiering-kennisgewing gegee. Wat belangrik is, is dat ARC Fund nie aan BKB 'n eleksiereg (i.e. soortgelyk wat aan AAF aangebied was) gegee het om deur middel van AAF-aandele vir die ARC-BKB-aandele te betaal nie. Die Eerste Verkoop van Aandele-ooreenkoms is daarna deur ARC Fund en AAF gekanselleer.
7. Op 11 Julie 2018 het ARC Fund aan BKB 'n verdere Reg van Eerste Weiering-kennisgewing gegee ooreenkomstig 'n verdere verkoops van aandele-ooreenkoms wat tussen ARC Fund en AAF aangegaan is ("**Tweede Verkoop van Aandele-ooreenkoms**"). Volgens die Tweede Verkoop van Aandele-ooreenkoms sou ARC Fund die ARC-BKB-aandele aan AAF verkoop, maar nou slegs teen 'n kontantkoopprys van R491,357,222 (i.e. 'n prys gelyk aan R26,40 per BKB-aandeel), met geen opsie om aandele in AAF aan ARC uit te reik nie.
8. In die lig van bogenoemde, en nadat BKB regsadvies ingewin het, het 'n aantal geskille tussen BKB en ARC Fund ontstaan, waaronder 'n geskil oor die kwessie of die sluiting van die Opsie-ooreenkoms daarop neergekom dat ARC Fund 'n wens gehad het om die aandele van die hand



te sit, en of ARC Fund ingevolge die ARC-inskrywingsooreenkoms dus verplig was om aan BKB 'n Reg van Eerste Weiering-kennisgewing te gee, teen die bedrag van R22 per aandeel ("**Geskille**").

9. Die Geskille is die onderwerp van 'n arbitrasie- en arbitrasie-appèlproses gemaak, en is gevolglik by wyse van appèl-arbitrasie bygelê. Volgens die arbitrasie-appèltoekenning is ARC Fund gelas om aan BKB 'n Reg van Eerste Weiering-kennisgewing te gee waarkragtens BKB of 'n genomineerde wat deur BKB aangestel is (volgens BKB se keuse) geregtig is om die ARC-BKB-aandele teen 'n prys van R22 per BKB-aandeel te koop, vir 'n totale koopsom van R409,464,352,00.
10. BKB het sedertdien die vereiste Reg van Eerste Weiering-kennisgewing van ARC Fund ontvang, wat BKB mag uitoefen teen nie later nie as 27 Desember 2018.
11. In die lig van bogenoemde word die aandeelhouers van BKB hiermee ingelig dat die BKB-direksie tans die opsies oorweeg wat vir BKB beskikbaar is insoverre die uitoefening van BKB se Reg van Eerste Weiering en enige verwickelinge in hierdie verband sal te geleëner tyd aan die aandeelhouers van BKB gekommunikeer word. Verder sal die BKB-direksie steeds sodanige ander beskikbare regte en opsies aangaande bogenoemde sake evalueer om te verseker dat die belange van BKB en sy aandeelhouers beskerm word.

4AX-NOTERING

As gevolg van die huidige situasie en verwante tydsbeperkings na ontvangs van die Reg van Eerste Weiering-kennisgewing vanaf ARC Fund, word die aandeelhouers van BKB hiermee ingelig dat die voorgenome notering van BKB op 4AX, waarvan die aandeelhouers van BKB in kennis gestel is in aankondigings wat op 7 September 2018 en 30 Oktober 2018 gepubliseer is, tydelik uitgestel word. Die verwagting is egter dat die BKB-direksie die 4AX-notering so gou as moontlik verder sal voer nadat die direksie 'n besluit geneem het oor die uitoefening van BKB se Reg van Eerste Weiering.

Verdere aankondigings sal volg.

J OOSTHUIZEN (MEV)
MAATSKAPPYSEKRETARIS
PORT ELIZABETH
15 NOVEMBER 2018





INTEGRITY

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

BKB

The Trusted Home of Agriculture



SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT